LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

05-06-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 20 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **SKOOL VERDAAG TYE:**
Die skool verdaag vanaf 1 Junie tot 29 Junie 2017 om 13:00. Baie sterkte aan al die leerders wat eksamen skryf.

2 **WILDSFEES:**
Baie dankie vir elkeen se bydrae om van ons Wildsfees 'n groot sukses te maak.
Die wenners van die jagpakkette is:
1ste prys - Retha Smook; 2de prys - Tertuis Nortje en 3de prys - Elize Cloete.
Baie geluk aan al die leerders wat hulle pryse vandag ontvang het, wat die meeste jagpakket-kaartjies verkoop het.
Daar is wildsbraaiwors @ R80 per kg te koop asook droëwors @ R50 per pakkie. Kontak vir Mnr Dawie Jordaan by die skool indien u belangstel.

3 **NETBAL**:
Baie sterkte aan die O/10A span wat komende naweek, 9 en 10 Junie, aan die Sedibeng uitspele gaan deelneem.

4 **RUGBY:**
LIGADATUMS:
Ouers en leerders is welkom om ons spanne te kom ondersteun by Hoër Volkskool se velde.

8 Junie	Fonteine	Tuis - Hoër Volkskool velde

5 **LANDLOOP OEFENING:**
Landloop is Maandag tot Donderdag om 13:30 by Hoër Volkskool. Vir enige navrae kontak Anet by 0827721728.

6 **KOOR**:
- Die Juniorkoor oefen Maandag vanaf 13:15 tot 14:00.
- Die Seniorkoor oefen eers weer op Woensdag, 28 Junie, gewone tyd.

7 **DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:**

Die Departement van Gesondheid gaan die skool se Gr R'e en Gr 1's besoek. Daar word na hulle oë, ore en kliniekkaarte gekyk. Bring asb. kliniekkaarte saam skooltoe. Toestemmingsbriewe moet ingevul en teruggestuur word na die klasonderwysers.

'n Nood masels uitbreek veldtog is geloots vir alle kinders van 6-59 maande. Ouers van die Graad RR'e moet asseblief die toestemmingsvorms volledig invul en terug stuur aan die klasregister so vinnig as moontlik. Die immunisasie se nuwe datum sal deurgegee word.

8 **EISTEDDFODS:**

HEIDELBERG:

- Die Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 7-19 Augustus by Heidelberg Public School.
- Kunsstukke word ingehandig op Vrydag, 4 Augustus by Juffrouens Helanie of Lizelle.

SUIKERBOSRAND:

Suikerbosrand tye en datums is laasweek uitgegee, indien daar nie 'n briefie ontvang is nie, laat weet asb vir Juf Lizelle (Graad R-3) of Juf Helanie (Gr 4-7). Wanneer kinders klaar deelgeneem het, moet die bewyse (sertifikaat en ripliek) vir Juf Lizelle (Gr R-3 en Juf Helanie (Gr 4-7) getoon word om nodige kultuurpunte te kan verdien.

Afsnydatum vir alle uitslae is 15 Junie 2017. GEEN LAAT UITSLAE word in ag geneem nie.

9 **KULTUURAAND 2018**:

Kultuuraand 2018 trek 'n nuwe baadjie aan. Die kunstenaar is Coenie de Villiers. Die funksie word by Lezar Opstal gehou. Daar is slegs 400 kaartjies beskikbaar. Hou die Omsendbriewe dop - ons sien uit om julle deel te maak van 'n onvergeetlike aand.

10 **VADERSDAG WINTER KARNAVAL:**

Op 16 Junie word daar by die Blou Lindt vanaf 09:00 - 14:00 'n heerlike winter karnaval gehou. Bring die familie en kom geniet die dag. Die adres is: 96 Zuid Straat, Rensburg. Daar is inkleur kompetisie, treintjie rit, springkasteel, sand art, kos stalletjies, geskenk stalletjies en vele meer. Stalletjies is nog beskikbaar. Vir meer inligting kontak 0826105099 of 0828978197.

11 **OUERAAND**:

Ons deel rapporte uit op Donderdagaand, 29 Junie vanaf 17:00 tot 19:00.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF